Suzaan se rok was van ivoor ru-sy met swaar borduurwerk op die bostuk en 'n swart lyfband met 'n strik voor. Sy het antieke pêreloorbelle wat haar ma vir haar gegee het daarby gedra. Haar strooimeisies, Helenét Burger en Minette Havemann, het swart met pêrelbykomstighede gedra. Die blommemeisie, Andrea Booyens, het die ringe op 'n bed van rose by die kerk ingedra.

Suzaan & Hugo Carinus

31 MAART 2007



Hoë kershouers is as aksente gebruik terwyl die blomme in vlak silwer bakke en glashouers – selfs ou suikerbakkies – gerangskik is.

"Ons het verskillende weergawes van waar en hoe ons ontmoet het. Hugo onthou ons het in 2001 ontmoet toe ons al twee eerstejaars op Stellenbosch was. Volgens hom was daar een dag 'n 'terloopse' ontmoeting in Dagbreek. Ek onthou egter Tollies, 'n gewilde studentekuierplek, en ons eerste tergsoen 'n tydjie later," vertel Suzaan. Terwyl hulle in 2005 in Viëtnam was, wou Suzaan skelm daar trou en dit vier wanneer hulle weer tuis is. Hugo wou egter niks daarvan hoor nie. Hy wou 'n groot troue saam met al hul familie en vriende hê. Sy het daarna in Pretoria gaan werk en toe sy vir die soveelste keer naweek op die plaas buite Stellenbosch kom kuier het, het hulle met sy bakkie na twee ou eikebome in die middel van 'n wingerdblok gery en oor Devonvallei en Stellenbosch gekyk. Hy het die sjampanje en glase wat hy agterin die bakkie weggesteek het, uitgehaal, haar op die flap maak sit en op sy knieë die jawoord gevra. "Dit was wonderlik, *no frills, no fuss* – net soos hy – met die romantiesste uitsig en sonsondergang," vertel Suzaan.

Spierwit roosblare begroet meneer en mevrou Carinus ná die seremonie. Suzaan se ouma en oupa is 58 jaar gelede in dieselfde kerk getroud en haar ma en pa het ook daar getrou.

Klassieke musiek het in die agtergrond gespeel terwyl gaste drankies onder die reuse eikebome gedrink en in ware Wes-Kaap-styl wyn geproe het. Die markiestent vir die onthaal is eenkant weggesteek en die gaste het dit eers gesien toe hulle deur die roostuin daarheen begelei is. Papierlanters het oral aan die bome gehang en die partytjie is afgeskop met die lewendige musiek van Adamsappel. Suzaan wou die gras onder haar voete voel wanneer sy haar skoene uitskop en daarom was daar nie 'n vloerbedekking nie, net die dansvloer. Vanweë die lekker partytjie en 'n misverstand is die pasgetroudes uit hul gastehuis uitgesluit het en moes hulle hul huweliksnag by Suzaan broers in hul gastehuis deurbring – sonder skoon klere of tandeborsels! Daar is blitsig 'n romantiese kamer vir hulle reggemaak sodat die dag wel 'n gelukkige einde gehad het.

Almal het gehelp: Suzaan se tannie het die vetplante verskaf, haar skoonma het tafels gedek, haar pa het al die lanterns buite die tent opgehang en twee van hul vriende het vir die skryfbehoeftes gesorg.

SPYSKAART

HOOGTEPUNTE

Voorgereg

Aartappelblini's met gerookte Franschhoekse salm

Hoofgereg

Stadig geroosterde lamskenkel met kapokaartappels en geroosterde groente

Middernaghappie

'n Kaasbord met neute en vrugte

Drie troukoek was van vier lae sjokolademoussekoek met wit sjokoladeversiersel en vars blomme. Dis vroegaand al gesny en as nagereg voorgesit met 'n bessiesous. "Dit was hemels – en die oorskiet was nog lekkerder die volgende dag!" sê Suzaan.

"Die hele dag was een geseënde hoogtepunt. Om almal in hul mooi klere te sien en voor die Here en al die gaste ja te sê, was beslis onvergeetlik."

DIENSVERSKAFFERS

DOMINEE: Ds Reinie Dick ☎ 021 887 0620 • **DIENS:** NG Moederkerk, Stellenbosch ☎ 021 883 3458 • **ONTHAAL:** Hulle het spesiale vergunning gehad om dit op Nederburg te hou. • **BRUILOFBEPLANNER:** Hannes Loubser ☎ 083 684 1413, www.weddingconcepts.co.za • **BLOMME EN DEKOR:** Izette Carinus ☎ 082 477 0069, www.leipzigfloraldesigns.co.za • **SPYSENIERING:** Salt and Pepper ☎ 021 949 8367 • **TROUKOEK:** Kanya Hunt ☎ 082 375 5200 • **TROUROK:** Kobus Dippenaar ☎ 083 324 5565, www.kobusdippenaar.com • **STROOIMEISIES SE ROKKE:** Zani ☎ 083 497 2307 • **MANSPAKKE:** Just Men ☎ 021 683 2756 en Fabiani ☎ 021 914 4040 • **HARE EN GRIMERING:** Helga Bridal Hair and Make-up ☎ 084 706 9190 • **RINGE:** Daneel Diamond Manufacturers ☎ 021 887 1108, www.daneeldiamonds.co.za en Boezaart Bauermeister ☎ 021 886 7569, www.boezaartbauermeister.com • **FOTOGRAAF:** Annelize Langeveldt ☎ 082 821 7787, www.anelizelangeveldtphotography.co.za • **VIDEOGRAAF:** Andy Hauke van Hauke Digital Productions ☎ 072 022 9231 • **SKRYFBEHOEFTES:** ID Advertising ☎ 021 883 8876 • **MUSIEK:** Adamsappel ☎ 083 684 1413, www.adamsappel.co.za; en Deejay's ☎ 021 872 1110 • **TENT:** Intent ☎ 021 510 4072/3, www.intent.co.za • **KROEG, BELIGTING, HUURGOED EN KELNERS:** Urban Tonic ☎ 021 706 0133, www.urbantonic.co.za

REGS, VAN BO NA ONDER: Glasies botterskorsiesop • Happiegrootte vis en tjips • 'n Reuse vrugtebak
ONDER, HEEL LINKS: Die a capella-groep, Adamsappel
ONDER, MIDDEL: Die spyskaart is by elke sitplek geplaas.